**SESSIE 4**

**DIE KLEIN PROFETE**

**JONA**




Anders as die ander profete in die Bybel, is dit nie Jona se boodskap wat die fokus van die verhaal is nie, maar Jona se eie storie. Dit vertel van God se verrassende genade vir 'n groter skepping (mense en natuur) en hoe God vir baie meer omgee as wat ons dink. Die verhaal is oorvertel en het in die Bybel beland juis om godsdienstiges teen die slaggat van hulle eie oordeel te waarsku asook om die krag van God se genade wat in die wêreld werksaam is uit te wys.




Wat is die prentjie wat by jou opkom as jy aan Jona dink? Dit is onvermydelik die storie van die groot vis wat Jona ingesluk het en van kindsdae by ons ingeprent bly. Vir jare was dit ook die debat waarin ons kerk vasgevang was: Jona en die vis. Was Jona werklik vir drie dae in die vis se maag waar hy die gedig in Jona 2:1-10 geskryf het? Die debat het in wese gegaan oor hoe ons die Bybel lees en met waarhede daarin omgaan. Sommige se beswaar was dat as jy nie glo dat die vis letterlik vir Jona ingesluk het nie jy daarmee ook al die ander Skrifwaarhede prysgee.




Die skrywer van Jona was egter nie geïnteresseerd in presiese geskiedkundige gebeure nie. Die boek is duidelik 'n novelle wat kunstig van spanning, kontrastering, oordrywing, humor en ironie gebruik maak om 'n diep geestelike waarde uit te lig: God is nie 'n God van oordeel nie, maar van genade wat godsdienstige mense se beoordeling van die skepping uitdaag.


Jona se storie resoneer met wysheid tekste in die Bybel (Psalms, Spreuke, Prediker, Job) wat ‘n streep wil trek deur die Ou Testamentiese siening dat God alleen oor sy volk Israel besorg is. In ons reis met die Klein Profete het ons juis tot dus ver al bewus geraak hoe God in ‘n groter skepping betrokke is.

**Jona die profeet**

Net soos in die geval van Amos en Hosea, is koning Jerobeam II van die Assiriese, ‘n belangrike karakter in Jona se verhaal. Volgens 2 Konings 14:25 het Jona verkondig dat Jerobeam II weer Israel se grense gaan uitbrei na die goue jare toe Dawid destyds koning was. Hou in gedagte dat die verhaal afspeel teen die agtergrond van die Assiriese koninkryk (hoofstad Nineve) wat hulle bestaan bedreig. Hierdie boodskap van voorspoed is dus baie gunstig deur Jerobeam II en die samelewing ontvang.

Dit is treffend wanneer jy skielik besef dat Amos en Hosea in presies dieselfde konteks die koning se voorspoed veroordeel het. Die boodskap van Amos en Jona staan eintlik teen mekaar. Kan jy dus indink watter groot ontnugtering Jona beleef het toe die Here die volgende opdrag aan hom gegee het:

*Die woord van die Here het tot Jona seun van Amittai gekom: “Maak klaar, gaan na die groot stad Nineve toe en spreek hom aan, want ek weet hoe sleg hy is”* (Jon. 1:1-2).





Ons gaan nou na ‘n paar elemente kyk wat die skrywer kunstig gebruik om Jona en ook ons eie godsdienstige perspektiewe te ontmasker. Deur die verhaal word Jona se werklike intensies deur sy volgehoue hardkoppigheid versteek. Dit word eers deur gebeure aan die einde van die verhaal in 4:2 blootgelê.

### 1. Jona vlug (1:1-16)

Jona vlug volgens 3:1 “weg van die Here af”. Op die kaart sien ‘n mens duidelik dat Jona direk in die teenoorgestelde rigting van Nineve vlug. Saulus het ook van Tarsus gekom, maar dit was ‘n ander stad wat in die hedendaagse Turkye geleë is.

- Waarom wil Jona vlug?
- Alhoewel Jona sy geloof in die Skepper van hemel en aarde bely (1:9), dink dat hy van God se teenwoordigheid en opdrag kan vlug.
- Wanneer die storm woed slaap Jona rusting onder in die boot terwyl die heiden matrose bid (1:5).
- Jona se fatalistiese gesindheid (gooi my oor boord) word gekontrasteer met die heiden matrose wat nie ‘n onskuldige man se bloed wil vergiet nie. Terwyl Jona dit ontken, bely die heiden kaptein dat God kan verander om nie te straf nie (1:6).
- Wat is Jona se opsies? In plaas om sy vooroordele voor die Here te bely kies hy eerder om te vergaan. Die Here se hand in die gebeure is ooglopend dat die heiden matrose tot bekering kom (1:14, 16), maar godsdienstige Jona weier om kop te gee!



2. **Jona se gebed (2:1-10)**

Jona se gebed in Jon. 2:1-10 is ‘n oor dramatisering. Alhoewel hy baie dankbaar is dat God sy lewe gespaar het toon hy steeds nie enige insig in God se genade nie. Lees mooi deur gedig en kyk of jy deur sy vroomheid en selfgesentreerdheid kan sien. Kyk byvoorbeeld na die ironie in 2:8. Die heiden matrose het tot bekering gekom en God se genade beleef. Inteendeel dit is Jona wat God verlaat het!

3. **Jona op pad na Nineve (3:1-10)**

Vanaf hoofstuk drie kry Jona opnuut weer die roeping van God om na Nineve te reis. Jona is egter steeds nie entoesiasties/oortuig om aan die roeping gehoor te gee nie. Alhoewel dit drie dae neem om deur die stad te stap, het Jona slegs na ‘n dag en die spreek van vyf Hebreeuse woorde tot gevolg dat die stad tot bekering kom.

- ‘n Dag van gebed word in die stad afgekondig (2:5).
- Almal, insluitende diere het gevas (2:7) en rouklere aangetrek (2:8)
- God sien af van die ramp wat hy oor die mense van Nineve wou bring (2:10).
- Wat is Jona se reaksie hierop?

4. **Die ontknoping van Jona se verhaal**

In hierdie laaste hoofstuk ontknoop Jona se verhaal en blyk die werklike rede vir sy optrede.

- Jona is ontevrede dat God die heiden stad van Nineve genadig is en sy werklike oortuiginge word blootgelê (4:1-2).
- **SLEUTEL TEKS: “Ag, Here, ek het dit geweet toe ek nog in my land was. Daarom het ek reg in die begin na Tarsus toe gevlug. Ek het geweet U is ‘n genadige en barmhartige God, lankmoedig en vol liefde. U sien maklik af van die straf wat U aangekondig het”**
- Ten spyte van hierdie belydenis, is Jona steeds ontevrede en hy kies eerder om te sterf as om van besluit te verander (4:3). Hy manipuleer God deur sy vroomheid en glo dat Hy nog God kan oortuig om die stad te verwoes. Hy gaan sit buite die stad in afwagting om te sien hoe God se stad gaan vernietig (4:5).

- ‘n Baie belangrike moment in die verhaal is ook God se genade vir ‘n hardkoppige profeet (4:6-8).
- God vryf nog sout in Jona se wonde as Hy laat blyk dat hy nie net besorg is oor mense se bekering nie, maar ook die belange van diere op sy hart dra (4:11).
- Die boek eindig sonder dat Jona van sy perspektiewe afstand doen.




Hoe raak Jona se boodskap ons vandag?

[1]

---

DIE GRAFIKA IS ‘N VERGUNNING VAN “THE BIBLE PROJECT” https://bibleproject.com